KI–DEO BUSSIE

April 2015

Benodig dringend ‘n Bussie

Soos voorheen genoem, benodig ons baie dringend ‘n groter bussie om ons kinders te kan vervoer. Huidiglik het ons ‘n Vito met amper 300 000 km op en volgens wet kan die voertuig slegs 8 mense vervoer. Ons het ‘n totaal van 11 kinders wat ons daagliks moet vervoer. Ons kinders raak groot en kon ons hulle nog altyd inprop, maar nou raak dit gevaarlik en ‘n groot risiko sou ons afgetrek word of in ‘n ongeluk beland.

Ek het na verskeie opsies gekyk, mense gekontak, Toyota gaan sien en ook die Nissan handelaar in Centurion gaan sien. ‘n Tweede-handse Quantum gaan vir ons ongeveer R400 000 kos en die splinternuwe Nissan NV 350 Impendulo met radio en lugreëling R339 000! Dan moet ons nog net ‘n sleepstang aansit wat plus minus R5000 gaan kos, indien nie meer! Totaal afgerond wat ons benodig met ‘n sleepstang, is dan ongeveer R345 000.

Huidiglik het ons R40 000 gekry en is daar nog ‘n bedrag van R30 000 (belofte) wat gaan inkom vir ‘n bussie. Dus het ons ‘n totaal van R70 000 en benodig ons nog R275 000. Ons vertrek 27 Junie met ons Kaapse Toer en benodig baie dringend ‘n bussie om ook die toer moontlik te kan maak.

Indien enige maatskappy of individue moontlik kan help met ‘n kontant donasie of enigiemand weet van ‘n handelaar wat ons kan sponser, kontak my asb. Ons is ‘n geregistreerde welsynsorganisasie met die nodige NPO sowel as BEE (82%) sertifikaat en kan ons ‘n artikel 18A sertifikaat uitreik.

Help ons asb hiermee, tyd raak nou regtig min en indien jy dalk weet van iemand wat kan help, of weet van ‘n beter prys vir ‘n bussie, stuur asb my e-pos aan. Enige bedrag, hoe gering ookal sal help om die R275 000 verskil op te maak om ‘n bussie te kan koop!

Bankbesonderhede:

Ki-Deo
ABSA Rek no.: 10500 40654
Verw.: MSK-KH Bussie
E-pos bewys na: theresag@ki-deo.co.za (belangrik asb)

Enige gelde inbetaal gaan direk na Ki-Deo se rekening en hanteer ons finansies kantoor al ons finansies en finansiële state word geoudit.

NPO reg no.: 000-762
WO no.: 11 02 0059
PBO no.: 18/11/13/1456

Kontakbesonderhede:

Theresa Geldenhuys
083 696 8600 / 012 644-2524
E-pos:
theresag@ki-deo.co.za